Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Aqeeb Douman**
Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde
Aqeeb.Douman@westerncape.gov.za | 021 467 2770

Lêerno.: 26/1/P
Verwysing: 20230928-8379

Omsendbrief: 0012/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en koshuise (met die uitsondering van onderwyskolleges)

Kort opsomming: *Verhoging in die bedrae betaalbaar vir subsidies vir koshuis- en privaat losies, privaat vervoer en personeelsubsidies.*

**Onderwerp: Verhoging in die bedrae betaalbaar vir subsidies vir koshuis- en privaat losies, privaat vervoer en personeelsubsidies**

1. **Subsidies vir koshuis- en privaat losies, asook privaat vervoer**

1.1 Goedkeuring is verleen vir 'n verhoging in die volgende subsidies met ingang van **01 April 2024:**

1.1.1 Subsidies vir koshuislosies:
Die maksimum subsidies betaalbaar vir behoeftige leerders in 'n koshuis by gewone openbare skole, is van R11 244,00 tot R14 000,00 per leerder per jaar verhoog.

1.1.2 Subsidies vir privaat losies en privaat vervoer:
Die maksimum subsidies betaalbaar vir privaat losies en privaat vervoer vir behoeftige leerders in die Weskus-, Kaapse Wynland-, Eden-en-Sentrale Karoo-, en Overberg-distrikte, is van R5 600,00 tot R5 860,00 per leerder per jaar verhoog.

1.2 Let wel: Al die bogenoemde subsidies is bereken volgens die goedgekeurde middeletoets (kyk Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanningsminuut 0001/2018, gedateer 09 Maart 2018), die kriteria soos uiteengesit in Omsendbrief 0143/1998, gedateer 06 November 1998, en Omsendbrief 0029/2001, gedateer 13 Maart 2001.

2. **Personeelsubsidies**

2.1 Goedkeuring is ook verleen vir die verhoging van die volgende personeelsubsidies met ingang van **01 April 2024:**

2.1.1 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skole met 'n inskrywingstal van minder as 201 leerders, vir die aanstelling van administratiewe en algemene dienspersoneel, is van R740,00 tot R1 000,00 per leerder per jaar verhoog. 'n Minimum van R50 000,00 sal per skool, per jaar betaal word.

2.1.2 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skole se koshuise met minder as 50 koshuisgangers, vir die aanstelling van administratiewe personeel, is van R11 244,00 tot R14 000,00 per leerder per jaar verhoog.

2.2 Let wel: Die personeelsubsidies is bereken volgens die kriteria wat in Omsendbrief 0117/2000, gedateer 03 September 2000, en Omsendbrief 0025/2011, gedateer 11 Oktober 2011, uiteengesit is.

2.3 Die aantal leerders wat gebruik is om personeelsubsidie-oordragbetalings te bereken, is volgens die kitsopname-leerdergetalle vir graad 1 tot 12, asook leerders met spesiale onderwysbehoeftes vir die betrokke skooljaar.

2.4 Indien daar bevestig word dat die skool oor botallige staatsdienspersoneel beskik, sal 'n personeelsubsidie nie aan gewone openbare skole met 'n inskrywingstal van 200 of minder leerders of aan gewone openbare skole met 'n inskrywingstal van 50 of minder koshuisgangers in die koshuise, betaal word nie.

3. Fondse sal slegs aan 'n skool oorbetaal word indien die distrikskantoor op grond van die finansiële aktiwiteite van vorige kwartale, die skool as finansieel gesond sertifiseer. Indien 'n skool voorts nie op of voor die einde van die boekjaar as finansieel gesond gesertifiseer word nie, kan die skool sy oordragbetalingsbefondsing verbeur.

4. **Kontakbesonderhede vir navrae**

| | |
|---|---|
| Koshuis- en privaat losies en privaat vervoer | **Subsidies.Wced@westerncape.gov.za** |

5. Skole/koshuise word aangemoedig om enige navrae skriftelik by die bogenoemde kontakbesonderhede in te dien sou hulle nie telefonies bereik kan word nie.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** L ELY
**WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-04-05